**15 Februarie** **Skrifgedeelte: Lukas 8:40-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 8:43-48**

## Tussenin

Lukas vertel hier van twee wonders wat Jesus gedoen het. Die opwekking van die dogtertjie van Jaïrus is ’n teken dat Jesus selfs mag oor die dood het. As ’t ware toegevou in hierdie vertelling hoor ons van die genesing van die vrou wat aan bloedvloeiing gelyk het. Dit lyk amper na iets terloops, iets tussenin, maar dit sê iets baie besonders oor Jesus Christus. Jesus se optrede teenoor hierdie vrou wys hoe sensitief Hy was vir mense in nood. Sy het waarskynlik aan ’n volgehoue menstruele bloeding gely. Hierdie ongesteldheid het haar volgens die seremoniële wette onrein gemaak (Lev 15:19-30) en sy mag eintlik nie aan Jesus geraak het nie. Sy raak egter “van agter af” aan die soom van sy klere. Dit wys op haar beskeie skugterheid en tog ook op haar vertroue in Hom.

Jesus gee daar en dan aandag aan haar en genees haar. Hy doen dit selfs terwyl Hy die gevaar loop dat hy beskuldig kan word van onverskilligheid teenoor Jaïrus se nood. Juis daarom staan Jesus se tussenin-omgee en hulp vir hierdie vrou in nood hier so heerlik uit!

*Sing: Psalm 146:5 (p. 703)* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*